## By die Here is daar volle vergiffenis

Dawid se sonde het hom diep ongelukkig gemaak. Want al het hy dit vir mense probeer wegsteek, het hy self altyd daarvan bewus gebly. Hy het ook diep binne in hom geweet dat die Here daarvan bewus is. Dit het aan hom gevreet en swaar op hom gedruk. Dit het alle blydskap en vrede uit sy lewe laat verdwyn (vgl. Ps. 32:3-4).

In Psalm 51 bely Dawid sy sonde voor die Here. Hy bely dat hy nie net teen Batseba en teen haar man, Uria, gesondig het nie, maar teen die Here Self. Hy het gedoen wat verkeerd is in sy oë. Daarom pleit hy by die Here om hom genadig te wees. Hy pleit om vergifnis (Ps. 51:3, 4, 9, 11). Hy pleit op grond van die Here se troue liefde en sy groot barmhartigheid (Ps. 51:3). Hy wil weer naby die Here lewe. Hy wil jubel en weer die blydskap ervaar van iemand wat deur die Here verlos is. Hy wil die Here weer met toewyding dien (Ps. 51:14).

Jy kan met volle vrymoedigheid na die Here toe gaan met al jou skuld. By Hom is daar altyd vir die berouvolle sondaar volle vergiffenis. Hy sal al jou skuld wat swaar op jou skouers druk, wegneem en weer vreugde en geluk in jou lewe bring. Daarvoor het Hy van ewigheid af sy eie Seun bestem om die volle las van jou skuld op Hom te neem en te dra.

*Sing: Psalm 51:1, 3 (2001-omdigting)* *Ds Tiaan Krüger (Nelspruit)*